Die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit, gee hiermee ingevolge artikel 69(6)(a) gelees met artikel 96(3) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek om die dorp in die bylae hierby genoem, te stig deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer & Omgewing, Kamer No. 8100, 8ste Vloer, A-Blok, Metropolitaanse Sentrum, Braamfontein, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 12 November 2003.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 12 November 2003 skriftelik en in tweevoud by of tot die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer & Omgewing by bovermelde adres of by Posbus 30733, Braamfontein, 2017 ingedien of gerig word.

**BYLAE**

*Naam van dorp:* **Douglasdale Uitbreiding 158.**

*Volle naam van aansoeker:* Dennis Basil McNamara and Millicent Joy McNamara hierin verteenwoordig deur Boston Associates.

*Aantal erwe in voorgestelde dorp:* "Residensieel 1": Dertien; "Spesiaal" vir toegang: Een.

*Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word:* Gedeelte 1 van Hoewe 55, Douglasdale Landbouhoewes, Registrasie Afdeling I.Q., Gauteng Provinsie.

*Ligging van voorgestelde dorp:* Die dorp is geleë in Gallowaylaan tussen die Douglasdale Uitbreiding 93 en 112 dorpe.

**P. MOLOI, Munisipale Bestuurder**

Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit

12-19

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2303**

SCHEDULE 11 (Regulation 21)

**NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP**

The City of Johannesburg Metropolitan Municipality, hereby gives notice in terms of section 69 (6) (a) read with section 96 (3) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, Room 8100, 8th Floor, A-Block, Metropolitan Centre, Braamfontein, for a period of 28 days from 12 November 2003.

Objections to or representatons in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Chief Executive at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 12 November 2003.

**ANNEXURE**

*Name of township:* **Amarosa Extension 31.**

*Full name of applicant:* Caspara Investment (Pty) Ltd herein represented by Boston Associates.

*Number of erven in proposed township:* "Residential 2": One, "Residential 3": One.

*Description of land on which township is to be established:* Part of the Remaining Extent of Portion 432 of the farm Wilgespruit No 190 I.Q., Gauteng.

*Situation of proposed township:* The township is located west Hendrik Potgieter Road and south of small holdings of Amorosa and Aanwins Agricultural Holdings. The Little Falls Extension 5, 11, 12 and 13 townships from the southern boundary of the site.

**P MOLOI, Municipal Manager**

City of Johannesburg Metropolitan Municipality

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2303

BYLAE 11 (Regulasie 21)

### KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

Die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit, gee hiermee ingevolge artikel 69 (6) (a) gelees met artikel 96 (3) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek om die dorp in die bylae hierby genoem, te stig deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer & Omgewing, Kamer No 8100, 8ste Vloer A-Blok, Metropolitaanse Sentrum, Braamfontein, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 12 November 2003.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 12 November 2003 skriftelik en in tweevoud by of tot die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer & Omgewing by bovermelde adres of by Posbus 30733, Braamfontein, 2017, ingedien of gerig word.

### BYLAE

*Naam van dorp:* **Amarosa Uitbreiding 31.**

*Volle naam van aansoeker:* Caspara Investments (Pty) Ltd herein verteenwoordig deur Boston Associates.

*Aantal erwe in voorgestelde dorp:* "Residensieel 2": Een; "Residensieel 3": Een.

*Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word:* Deel van die restant van Gedeelte 432 van die plaas Wilgespruit No 190 I.Q., Gauteng.

*Ligging van voorgestelde dorp:* Die dorp is geleë wes van Hendrik Potgieterweg en suid van die kleinhoewes van Amorosa en Aanwins Landbouhoewes. Die dorpe van Little Falls Uitbreiding 5, 11, 12 en 13 vorm die suidelike grens van die terrein.

**P MOLOI, Munisipale Bestuurder**

Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit.

12-19

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 2304

### CITY OF JOHANNESBURG

#### NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF A TOWNSHIP APPLICATION

The City of Johannesburg, hereby gives notice in terms of Section 96 (4) read in conjunction with Section 69 (6) read in conjunction with Section 96 (3) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an application to amend the township application in the annexure hereto, has been received.

Particulars of the application are open for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, Civic Centre, 158 Loveday Street, A-Block, Room No. 8100, 8th Floor, Braamfontein for a period of 28 (twenty-eight) days from 12 November 2003.

Objection or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the City of Johannesburg, at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 (twenty-eight) days from 12 November 2003.

### ANNEXURE

*Name of township:* **Elandspark Extension 6.**

*Full name of applicant:* Hunter, Theron Inc.

*Number of erven in proposed township:* "Residential 3". 2 erven. "Special" for access purposes: 1 erf.

*Description of land on which township is to be established:* Remainder of Portion 43 of the Farm Elandfontein No 197 IR.

*Locality of proposed township:* The site is situated south of South Rand Road (K122) in Elarduspark. The proposed township Elandpark Extension 1 to 5 are situated south and adjacent to the site. Paul Kruger Street is situated south of the site.

Mr C Theron, Hunter Theron Inc., P.O. Box 489, Florida Hills, 1716. Tel: (011) 472-1613. Fax: (011) 472-3454. e.mail: htadmin@iafrica.com

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2304

### STAD VAN JOHANNESBURG

#### KENNISGEWING VAN WYSIGING VAN 'N AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

Die Stad van Johannesburg, gee hiermee ingevolge Artikel 96 (4) saamgelees met Artikel 69 (6) (a) saamgelees met Artikel 96 (3) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) kennis dat 'n aansoek om die wysiging van die dorp in die Bylae hierby genoem, ontvang is.

Alle dokumente relevant tot die aansoek lê ter insae gedurende die gewone kantoorure by die Uitvoerende Direkteur, Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing, Metropolitaanse Sentrum, Lovedaystraat 158, Kamer 8100, 8ste Verdieping, A Blok, Braamfontein, Metropolitaanse Sentrum of op sodanige plek soos by bostaande adres aangedui, vir 'n tydperk van 28 (agt-en-twintig) dae vanaf 12 November 2003.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 (agt-en-twintig) dae vanaf 12 November 2003, skriftelik en in tweevoud by bovermelde adres of Posbus 30733, Braamfontein, 2017, ingedien word.

#### BYLAE

*Naam van die dorp:* Elandspark Uitbreiding 6.

*Volle naam van aansoeker:* Hunter Theron Ing.

*Aantal erwe in voorgestelde dorp:* "Residensieel 3": 2 erwe. "Spesiaal" vir toegangs doeleindes: 1 erf.

*Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word:* Restant van Gedeelte 43 van die plaas Elandsfontein Nr. 107 IR.

*Ligging van voorgestelde dorp:* Die voorgestelde dorp is suid van South Randstraat (K122) in Elandspark geleë. Die voorgestelde dorpe Elandspark X1-5 is suid en aanliggend aan die dorp geleë en Paul Krugerstraat is suid van die voorgestelde dorp geleë.

Mnr C S Theron, Hunter Theron Ing, Posbus 489 Florida Hills, 1716. Tel: (011) 472-1613. Faks: (011) 472-3454. e.mail: htadmin@iafrica.com

12-19

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 2305

### NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP WILGEHEUWEL EXTENSION 11

The City of Johannesburg hereby gives notice in terms of section 96 (3) read with section 69 (6) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the Annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director, Development Planning, Transportation and Environment, Legal Administration, 9th Floor, A-Block, Metro Centre, 158 Loveday Street, Braamfontein, for a period of 28 days from 12 November 2003.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Executive Director at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 12 November 2003.

**P. MOLOI, Municipal Manager**

#### ANNEXURE

*Name of township:* Wilgeheuwel Extension 11.

*Full name of applicant:* Portion 61, Wilgespruit Investments CC.

*Number of erven in proposed township:*

Residential 1: 3 erven;

Residential 3: 5 erven;

Public open space: 4 erven.

*Description of land on which township is to be established:* Portion 192 of the farm Wilgespruit 190 I.Q.

*Localtion of proposed township:* Situated at 192 Nic Diederichs Boulevard, Wilgespruit.

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2305****KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN 'N DORP WILGEHEUWEL UITBREIDING 11**

Die Stad van Johannesburg gee hiermee ingevolge artikel 96 (3) gelees met artikel 69 (6) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek om die dorp in die Bylae hierby genoem, te stig, deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur, Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing, Regsadministrasie, 9de Verdieping, A-Blok, Metrocenter, 158 Lovedaystraat, Braamfontein, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 12 November 2003.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 12 November 2003 skriftelik en in tweevoud by of tot die Algemene Bestuurder by bovermelde adres of by Posbus 30733, Braamfontein, 2017, ingedien of gerig word.

**P. MOLOI, Munisipale Bestuurder**

**BYLAE**

*Naam van dorp: Wilgeheuwel Uitbreiding 11.*

*Volle naam van aansoeker: Portion 61, Wilgespruit Investments CC.*

*Aantal erwe in voorgestelde dorp: Residensieel 1: 3 erwe; Residensieel 3: 5 erwe; Openbare oop ruimte.*

*Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Gedeelte 192 van die plaas Wilgespruit 190 I.Q.*

*Ligging van voorgestelde dorp: Geleë te 192 Nic Diederichs Boulevard, Wilgespruit.*

12-19

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2306****CITY OF JOHANNESBURG****RANDBURG AMENDMENT SCHEME 04-1275**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City of Johannesburg approved the amendment of the Randburg Town-planning Scheme, 1976, by the rezoning of Erf 900, Ferndale, from "Residential 1" to "Residential 1" 3 dwelling units on the erf.

Copies of application as approved are filed with the offices of the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, 158 Loveday Street, Braamfontein, 8th Floor, A Block, Civic Centre, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Randburg Amendment Scheme 04-1275 and shall come into operation on the date of publication hereof.

**Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment**

*Date: 12 November 2003*

*(Notice No. 824/2003)*

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2306****STAD VAN JOHANNESBURG****RANDBURG WYSIGINGSKEMA 04-1275**

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekendgemaak dat die Stad van Johannesburg goedgekeur het dat die Randburg-dorpsaanlegskema, 1976, gewysig word deur die hersonering van Erf 900, Ferndale, vanaf "Residensieel 1" na "Residensieel 1" 3 wooneenhede op die erf.

Afskrifte van die aansoek soos goedgekeur word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelings Beplanning, Vervoer en Omgewing, Lovedaystraat 158, Braamfontein, 8ste Vloer, A Blok, Burgersentrum, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Randburg-wysigingskema 04-1275 en tree in werking op die datum van publikasie hiervan.

**Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelings Beplanning, Vervoer en Omgewing**

*Datum: 12 November 2003*

*(Kennisgewing Nr. 824/2003)*

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2307**

## SCHEDULE II (Regulation 21)

## NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP

The City of Johannesburg Metropolitan Municipality, hereby gives notice in terms of Section 69(6)(a) read with Section 96(3) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the Annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, Room 8100, 8th Floor, A-Block, Metropolitan Centre, Braamfontein, for a period of 28 days from 12 November 2003.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Chief Executive at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 12 November 2003.

**ANNEXURE**

*Name of township:* **Douglasdale Extension 158.**

*Full name of applicant:* Dennis Basil McNamara and Millicent Joy McNamara herein represented by Boston Associates.

*Number of erven in proposed township:* "Residential 1": Thirteen; "Special" for access: One.

*Description of land on which township is to be established:* Portion 1 of Holding 55 Douglasdale Agricultural Holdings, Registration Division I.Q., Province of Gauteng.

*Situation of proposed township:* The township is located in Galloway Avenue between the Douglasdale Extension 93 and 112 townships.

**P MOLOI, Municipal Manager**

City of Johannesburg Metropolitan Municipality

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2307**

## BYLAE II (Regulasie 21)

## KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

Die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit, gee hiermee ingevolge Artikel 69(6)(a) gelees met Artikel 96 (3) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek om die dorp in die bylae hierby genoem, te stig deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die Kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer & Omgewing, Kamer No. 8100, 8ste Vloer, A-Blok, Metropolitaanse Sentrum, Braamfontein, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 12 November 2003.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 12 November 2003 skriftelik en in tweevoud by of tot die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer & Omgewing, by bovermelde adres of by Posbus 30733, Braamfontein, 2017, ingedien of gerig word.

**BYLAE**

*Naam van dorp:* **Douglasdale Uitbreiding 158.**

*Volle naam van aansoeker:* Dennis Basil McNamara and Millicent Joy McNamara hierin verteenwoordig deur Boston Associates.

*Aantal erwe in voorgestelde dorp:* "Residensieel 1": Dertien; "Spesiaal" vir toegang: Een.

*Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word :* Gedeelte 1 van Hoewe 55, Douglasdale Landbouhoewes, Registrasie Afdeling I.Q., Gauteng Provinsie.

*Ligging van voorgestelde dorp:* Die dorp is geleë in Gallowaylaan tussen die Douglasdale Uitbreiding 93 en 112 dorpe.

**P MOLOI, Munisipale Bestuurder**

Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2308****CITY OF JOHANNESBURG****JOHANNESBURG SCHEME 01-1046**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, that the City of Johannesburg approved the amendment of the Johannesburg Town Planning Scheme, 1979, by the rezoning of Erf 1266, Albertskroon, from "Educational" to "Institutional".

Copies of the application as approved are filed with the offices of the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, 158 Loveday Street, Braamfontein, 8th Floor, A Block, Civic Centre, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 01-1046 and shall come into operation on the date of publication hereof.

**Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment**

*Date:* 12 November 2003

Notice No. 850/2003

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2308****STAD VAN JOHANNESBURG****WYSIGINGSKEMA 01-1046**

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekendgemaak dat die Stad van Johannesburg goedgekeur het dat die Johannesburg-dorpsbeplanningskema, 1979, gewysig word deur die hersonering van Erf 1266, Albertskroon, vanaf "Opvoedkundig" na "Inrigting" te wysig.

Afskrifte van die aansoek soos goedgekeur word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelings Beplanning, Vervoer en Omgewing, Lovedaystraat 158, Braamfontein, 8ste Vloer, A Blok, Burgersentrum, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburg Wysigingskema 01-1046 en tree in werking op die datum van publikasie hiervan.

**Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelings Beplanning, Vervoer en Omgewing**

*Datum:* 12 November 2003

Kennisgewing Nr. 850/2003

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2309****CITY OF JOHANNESBURG****AMENDMENT SCHEME 1344 E**

It is hereby notified in terms of section 57(1) of the Town planning and Townships Ordinance, 1986, that the City of Johannesburg approved the amendment of the Sandton Town Planning Scheme, 1980, by rezoning of the Remaining Extent at Portion 15, Portions 4, 17, 19 and 20 of Erf 17, Edenburg, from "Residential 1" to "Residential 2" with a density of 15 dwelling units per ha.

Copies of application as approved are filed with the offices of the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, 158 Loveday Street, Braamfontein, 8th Floor, A Block, Civic Centre, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Sandton Amendment Scheme 1344E and shall come into operation on the date of publication hereof.

**Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment**

*Date:* 12 November 2003

Notice No. 849/2003

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2309****STAD VAN JOHANNESBURG****WYSIGINGSKEMA 1344E**

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekendgemaak dat die Stad van Johannesburg, goedgekeur het dat die Sandton Dorpsbeplanningskema, 1980, gewysig word deur die hersonering van die Restant van Gedeelte 15, Gedeeltes 4, 17, 19 en 20 van Erf 17, Edenburg, vanaf "Residensieel 1" na "Residensieel 2" met 'n digtheid van 15 wooneenhede per hektaar, te wysig.

Afskrifte van die aansoek soos goedgekeur word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkeling Beplanning, Vervoer en Omgewing, Lovedaystraat 158, Braamfontein, 8ste Vloer, A Blok, Burgersentrum, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburg-wysigingskema 01-1046 en tree in werking op die datum van publikasie hiervan.

**Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelings Beplanning, Vervoer en Omgewing**

*Datum:* 12 November 2003

Kennisgewing No. 849/2003

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2310****CITY OF JOHANNESBURG****AMENDMENT SCHEME 0511 E**

It is hereby notified in terms of section 57(1) of the Town planning and Townships Ordinance, 1986, that the City of Johannesburg approved the amendment of the Sandton Town Planning Scheme, 1980, by rezoning of Portion 18 of Erf 168, Edenburg, from "Residential 2" to "Special" for offices.

Copies of application as approved are filed with the offices of the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, 158 Loveday Street, Braamfontein, 8th Floor, A Block, Civic Centre, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Sandton Amendment Scheme 0511 E and shall come into operation on the date of publication hereof.

**Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment**

*Date:* 12 November 2003

Notice No. 848/2003

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2310****STAD VAN JOHANNESBURG****WYSIGINGSKEMA 0511E**

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekendgemaak dat die Stad van Johannesburg, goedgekeur het dat die Sandton Dorpsbeplanningskema, 1980, gewysig word deur die hersonering van die Gedeelte 18 van Erf 168, Edenburg, vanaf "Residensieel 2" na "Spesiale" vir kantore te wysig.

Afskrifte van die aansoek soos goedgekeur word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelings Beplanning, Vervoer en Omgewing, Lovedaystraat 158, Braamfontein, 8ste Vloer, A Blok, Burgersentrum, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Sandton-wysigingskema 0511E en tree in werking op die datum van publikasie hiervan.

**Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelings Beplanning, Vervoer en Omgewing**

*Datum:* 12 November 2003

Kennisgewing No. 848/2003

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2315****EMFULeni LOCAL MUNICIPALITY****VANDErBIJLPARK AMENDMENT SCHEME H614**

It is hereby notified in terms of Section 57 (1) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, that the Emfuleni Local Municipality of Vanderbijlpark has approved the amendment of Vanderbijlpark Town Planning Scheme, 1987, by the rezoning of Erf 399, Vanderbijl Park South East 3 from "Residential 1" with a building line of 6 m to "Residential 1" with a building line of 0,0 m for lean-to's and lapa's and 3 m for Residential buildings.



Map 3 and the Scheme Clauses of the amendment scheme are filed with the Head of Department, Gauteng Provincial Government, Johannesburg, and the Acting Manager, Land Use of the Emfuleni Local Municipality, Vereeniging, Beaconsfield Avenue, Room 29 and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Vanderbijlpark Amendment Scheme H614.

**NDHLABOLE SHONGWE, Municipal Manager**

19 November 2003.

(Notice Number DP61/2003)

---

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2315

### EMFULENI PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

#### VANDEBIJLPARK WYSIGINGSKEMA H614

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekendgemaak dat die Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit van Vanderbijlpark die wysiging van die Vanderbijlpark Dorpsbeplanningskema, 1987, deur die hersonering van Erf 399, Vanderbijlpark South East 3 vanaf "Residensieel 1" met 'n 6 m boulyn na "Residensieel 1" met 'n 0,0 m boulyn vir lapa's en afdakke en 3 m vir residensiële geboue goedgekeur het.

Kaart 3 en die Skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Departementshoof, Gauteng Provinsiale Regering, Johannesburg, en die Waarnemende Bestuurder Grondsake, Beaconsfieldlaan, Vereeniging, Kamer 29, in bewaring gehou en is gedurende normale kantoorure ir inspeksie beskikbaar.

Hierdie wysigingskema staan bekend as Vanderbijlpark Wysigingskema H614.

**NDHLABOLE SHONGWE, Munisipale Bestuurder**

19 November 2003

(Kennisgewing No. DP61/2003)

---

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 2316

### EMFULENI LOCAL MUNICIPALITY

#### VANDEBIJLPARK AMENDMENT SCHEME H615

It is hereby notified in terms of Section 57 (1) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, that the Emfuleni Local Municipality of Vanderbijlpark, has approved the amendment of Vanderbijlpark Town Planning Scheme, 1987, by the rezoning of Erf 483, Vanderbijl Park South East 2 from "Residential 1" with a 6 m building line to "Residential 1" with a of 0,0 m building line for lean-to's and lapa's and 3 m for residential buildings.

Map 3 and the Scheme Clauses of the amendment scheme are filed with the Head of Department, Gauteng Provincial Government, Johannesburg, and the Acting Manager, Land Use of the Emfuleni Local Municipality, Vereeniging, Beaconsfield Avenue, Room 29 and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Vanderbijlpark Amendment Scheme H615.

**NDHLABOLE SHONGWE, Municipal Manager**

19 November 2003.

(Notice Number DP62/2003)

---

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2316

### EMFULENI PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

#### VANDEBIJLPARK WYSIGINGSKEMA H615

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekendgemaak dat die Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit van Vanderbijlpark die wysiging van die Vanderbijlpark Dorpsbeplanningskema, 1987, deur die hersonering van Erf 483, Vanderbijl Park South East 2 vanaf "Residensieel 1" met 'n 6 m boulyn na "Residensieel 1" met 'n 0,0 m boulyn vir afdakke en lapa's en 3 m vir residensiële geboue goedgekeur het.

Kaart 3 en die Skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Departementshoof, Gauteng Provinsiale Regering, Johannesburg, en die Waarnemende Bestuurder Grondsake, Beaconsfieldlaan, Vereeniging, Kamer 29, in bewaring gehou en is gedurende normale kantoorure vir inspeksie beskikbaar.

Hierdie wysigingskema staan bekend as Vanderbijlpark Wysigingskema H615.

**NDHLABOLE SHONGWE, Munisipale Bestuurder**

19 November 2003

(Kennisgewingnommer DP62/2003)

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2317****EMFULeni LOCAL MUNICIPALITY****VANDErBIJLPARK AMENDMENT SCHEME H593**

It is hereby notified in terms of Section 57 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the Emfuleni Local Municipality of Vanderbijlpark, has approved the amendment of Vanderbijlpark Town-planning Scheme, 1987, by the rezoning of Erven 126 and 130, Vanderbijlpark South East 3, from "Residential 1" to "Business 3".

Map 3 and the Scheme Clauses of the amendment scheme are filed with the Head of Department, Gauteng Provincial Government, Johannesburg, and the Acting Manager, Land Use of the Emfuleni Local Municipality, Vereeniging, Beaconsfield Avenue, Room 29 and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Vanderbijlpark Amendment Scheme H593.

**NDHLABOLE SHONGWE, Municipal Manager**

19 November 2003.

(Notice Number DP60/2003)

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2317****EMFULeni PLAASLIKE MUNISIPALITEIT****VANDErBIJLPARK WYSIGINGSKEMA H593**

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekendgemaak dat die Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit van Vanderbijlpark die wysiging van die Vanderbijlpark Dorpsbeplanningskema, 1987, deur die hersonering van Erwe 126 en 130, Vanderbijlpark South East 3 vanaf "Residensieel 1" na "Besigheid 3" goedgekeur het.

Kaart 3 en die Skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Departementshoof, Gauteng Provinsiale Regering, Johannesburg, en die Waarnemende Bestuurder Grondsake, Beaconsfieldlaan, Vereeniging, Kamer 29, in bewaring gehou en is gedurende normale kantoorure vir inspeksie beskikbaar.

Hierdie wysigingskema staan bekend as Vanderbijlpark Wysigingskema H593.

**NDHLABOLE SHONGWE, Munisipale Bestuurder**

19 November 2003

(Kennisgewing No. DP60/2003)

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2318****EKURHULENI METROPOLITAN MUNICIPALITY  
(BOKSBURG SERVICE DELIVERY CENTRE)****BOKSBURG AMENDMENT SCHEME 877**

Notice is hereby given in terms of the provisions of Section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the Ekurhuleni Metropolitan Municipality (Boksburg Service Delivery Centre) has approved the application for the amendment of the provisions of the Boksburg Town-planning Scheme, 1991, relating to Portion 3 of Erf 60 Eveleigh Township.

A copy of the application as approved is open for inspection at all reasonable times at the office of the Executive Director: Development Planning (Boksburg Service Delivery Centre) and the office of the Head of Department, Department Development Planning and Local Government, Johannesburg.

The abovementioned amendment scheme shall come into operation on 07 January 2004. The attention of all interested parties is drawn to the provisions of Section 59 of the abovementioned ordinance.

**P M MASEKO, City Manager**

Civic Centre, Boksburg

12 November 2003

Notice 151/2003

14/21/1/877 (HS)

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2318****EKURHULENI METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT  
(BOKSBURG DIENSLEWERINGSENTRUM)****BOKSBURG-WYSIGINGSKEMA 877**

Kennis word hiermee ooreenkomstig die bepalings van Artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, gegee dat die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit (Boksburg Diensleweringsentrum) die aansoek om die wysiging van die bepalings van die Boksburg Dorpsbeplanningskema, 1991, met betrekking tot Gedeelte 3 van Erf 60 Eveleigh dorpsgebied, goedgekeur het.

'n Afskrif van die aansoek soos goedgekeur lê te alle redelike tye ter insae by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning (Boksburg Diensleweringsentrum) en die kantoor van die Hoof van Departement, Departement Ontwikkelingsbeplanning en Plaaslike Regering, Johannesburg.

Die bogemelde wysigingskema tree in werking op 07 January 2004. Die aandag van alle belanghebbende partye word gevestig op die bepalings van Artikel 59 van die bogemelde ordonnansie.

**P M MASEKO, Stadsbestuurder**

Burgersentrum, Boksburg

12 November 2003

Kennisgewing 151/2003

14/21/1/877 (HS)

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2319****EKURHULENI METROPOLITAN MUNICIPALITY****CORRECTION NOTICE: DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP: NEWMARKET PARK EXTENTION 6**

The notice concerning the declaration as an approved township in respect of the Township Newmarket Park Extension 6 published under Local Authority Notice 1658 dated 03 September 2003, is hereby corrected by the substitution of the property description in the heading, namely "Portion 522 of the farm Elandsfontein 108 IR", with the description "Portion 525 of the farm Elandsfontein 108 IR".

**Mr P MASEKO, City Manager**

Notice Number 110/2003

Civic Centre, Alwyn Taljaard Avenue, Alberton

28 October 2003

A1 G2106

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2320****EKURHULENI METROPOLITAN MUNICIPALITY: ALBERTON SERVICE DELIVERY CENTRE****AMENDMENT SCHEME 1405**

It is hereby notified in terms of section 57(1)(a) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that the Ekurhuleni Metropolitan Municipality has approved the amendment of the Alberton Town Planning Scheme, 1979 by the rezoning of Erf 456, New Redruth from "Residential 1" with a density of one dwelling unit per erf to "Residential 3" for the erection of 4 units, subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Gauteng Provincial Administration: Development Planning and Local Government, 8th Floor, Corner House, 63 Fox Street, Johannesburg and the Acting Manager: Alberton Service Delivery Centre and are open for inspection at all reasonable times.

The amendment scheme is known as Alberton Amendment Scheme 1405 and shall come into operation 56 days from date of publication of this notice.

**M W DE WET, Acting Manager, Alberton Service Delivery Centre**

Civic Centre, Alwyn Taljaard Avenue, Alberton

(Notice No. 112/2003)

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2320****EKURHULENI METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT: ALBERTON DIENSLEWERINGSENTRUM****WYSIGINGSKEMA 1405**

Hiermee word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), bekend gemaak dat die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit goedgekeur het dat die Alberton Dorpsbeplanningskema, 1979, gewysig word deur die hersonering van Erf 456, New Redruth vanaf "Residensieel 1" met 'n digtheid van een woonhuis per erf na "Residensieel 3" ten einde 4 eenhede op te rig, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousule word in bewaring gehou deur die Direkteur-Generaal, Gauteng Provinsiale Administrasie: Ontwikkelingsbeplanning en Plaaslike Regering, 8ste Vloer, Corner House, Foxstraat 63, Johannesburg en die Waarnemende Bestuurder: Alberton Diensleweringsentrum en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Alberton Wysigingskema 1405 en tree 56 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

**M W DE WET, Waarnemende Bestuurder, Alberton Diensleweringsentrum**

Burgersentrum, Alwyn Taljaardlaan, Alberton

(Kennisgewing No. 112/2003)

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2321****EKURHULENI METROPOLITAN MUNICIPALITY: ALBERTON SERVICE DELIVERY CENTRE****AMENDMENT SCHEME 1400**

It is hereby notified in terms of section 57(1)(a) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that the Ekurhuleni Metropolitan Municipality has approved the amendment of the Alberton Town Planning Scheme, 1979 by the rezoning of Erf 563, Alberton, from "Residential 4" to "Business 2" subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Gauteng Provincial Administration: Development Planning and Local Government, 8th Floor, Corner House, 63 Fox Street, Johannesburg and the Acting Manager: Alberton Service Delivery Centre and are open for inspection at all reasonable times.

The amendment scheme is known as Alberton Amendment Scheme 1400 and shall come into operation 56 days from date of publication of this notice.

**M W DE WET, Acting Manager, Alberton Service Delivery Centre**

Civic Centre, Alwyn Taljaard Avenue, Alberton

(Notice No. 111/2003)

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2321****EKURHULENI METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT: ALBERTON DIENSLEWERINGSENTRUM****WYSIGINGSKEMA 1400**

Hiermee word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), bekend gemaak dat die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit goedgekeur het dat die Alberton Dorpsbeplanningskema, 1979, gewysig word deur die hersonering van Erf 563, Alberton vanaf "Residensieel 4" na "Besigheid 2" onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousule word in bewaring gehou deur die Direkteur-Generaal, Gauteng Provinsiale Administrasie: Ontwikkelingsbeplanning en Plaaslike Regering, 8ste Vloer, Corner House, Foxstraat 63, Johannesburg en die Waarnemende Bestuurder: Alberton Diensleweringsentrum en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Alberton Wysigingskema 1400 en tree 56 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

**M W DE WET, Waarnemende Bestuurder, Alberton Diensleweringsentrum**

Burgersentrum, Alwyn Taljaardlaan, Alberton

(Kennisgewing No. 111/2003)

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2322****WESTONARIA LOCAL MUNICIPALITY**

NOTICE IN TERMS OF SECTION 6(8) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996  
(ACT No. 3 OF 1996)

It is hereby notified in terms of the provisions of Section 6(8) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996 (Act 3 of 1996) that the Westonaria Local Municipality has approved the removal of conditions B5 to B7 and B9 to B11 contained in Title Deed T1811/1995 of Stand 120, Westonaria, and the simultaneous amendment of the Westonaria Town Planning Scheme, 1981, by the rezoning of Stand 120, Westonaria, from "Residential" to "Business 1" for residential purposes and a shop, subject to conditions.

The documents, Map 3's and scheme clauses of this application as approved are filed with the office of the Executive Manager: Support Services, First Floor, Municipal Offices, Saturn Street, Westonaria, and are open for inspection during normal office hours.

This removal and the amendment scheme, which amendment scheme is known as Westonaria Amendment Scheme 97, shall come into operation on the date of the publication thereof.

**E. Z. PHUKWANA, Municipal Manager**

Notice No 23/2003

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2322****WESTONARIA PLAASLIKE MUNISIPALITEIT**

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 6(8) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996  
(WET 3 VAN 1996)

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van Artikel 6 (8) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996 (Wet 3 van 1996) bekendgemaak dat die Westonaria Plaaslike Munisipaliteit die opheffing van Voorwaardes B5 tot B7 en B9 tot B11 in Titelakte T1811/1995 en die gelyktydige wysiging van die Westonria Dorpsaanlegskema, 1981, goedgekeur het deur die hersonering van Erf 120, Westonaria, vanaf "Residensieel 1" na "Besigheid 1" vir residensiële doeleindes en 'n winkel.

Die dokumente, Kaart 3's en die skemaklousules van die aansoek soos goedgekeur word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Bestuurder: Ondersteuningsdienste, Eerste Verdieping, Munisipale Kantore, Saturnusstraat, Westonaria, en is beskikbaar vir inspeksie gedurende gewone kantoorure.

Hierdie opheffing en die wysiging, wat bekend staan as Wysigingskema 97, tree in werking op datum van publikasie hiervan.

**E. Z. PHUKWANA, Munisipale Bestuurder**

Kennisgewing Nr 23/2003

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2323****EKURHULENI METROPOLITAN MUNICIPALITY (BENONI SERVICE DELIVERY CENTRE)**

PROPOSED PERMANENT CLOSURE OF ERF 5685 (PARK), BENONI EXTENSION 16 TOWNSHIP,  
BENONI (REFERENCE 7/3/2/2/730)

Notice is hereby given, in terms of section 68 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Ekurhuleni Metropolitan Municipality (Benoni Service Delivery Centre) proposes to permanently close Erf 5685 (Park), Benoni Extension 16 Township, Benoni, in extent approximately 1,4437 ha and to alienate the said closed erf to Messrs Bidcon Properties (Pty) Ltd or nominee for development purposes.

A plan showing the relevant erf to be permanently closed, is open for inspection during ordinary office hours in the office of the Interim Manager: Corporate and Legal Services (room 134), Benoni Service Delivery Centre, Municipal Offices, Elston Avenue, Benoni.

Any person who has any objection to the proposed closure or who may have any claim for compensation if such closure is carried out, must lodge such objection or claim in writing to reach the undersigned by not later than 12 December 2003.

**P. M. MASEKO, City Manager, Ekurhuleni Metropolitan Municipality**

2nd Floor, Head Office Building, corner Cross and Rose Streets, Germiston; Private Bag X1069, Germiston, 1400

12 November 2003

(Notice No. 262/2003)

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2323****EKURHULENI METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT (BENONI DIENSLEWERINGSSENTRUM)****VOORGESTELDE PERMANENTE SLUITING VAN ERF 5685 (PARK), BENONI UITBREIDING 16 DORPSGEBIED, BENONI (VERWYSING 7/3/2/2/730)**

Kennis geskied hiermee, ingevolge die bepalings van artikel 68 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit (Benoni Diensleweringsentrum), voornemens is om Erf 5685 (Park), Benoni Uitbreiding 16 Dorpsgebied, Benoni, groot ongeveer 1,4437 ha, permanent te sluit en om die betrokke erf aan mnre Bidcon Properties (Pty) Ltd of genomineerde vir ontwikkelingsdoeleindes te vervreem.

'n Plan, wat die betrokke erf wat permanent gesluit staan te word aandui, is gedurende gewone kantoorure in die kantoor van die Waarnemende Bestuurder: Kroporatiewe en Regsdienste (Kamer 134), Benoni Diensleweringsentrum, Munisipale Kantore, Elstonlaan, Benoni, ter insae.

Iedereen wat enige beswaar het teen die voorgestelde sluiting of wat enige eis om vergoeding wil instel indien sodanige sluiting uitgevoer word, moet sodanige beswaar of eis skriftelik in dien om die ondergetekende uiterlik op 12 Desember 2003, te bereik.

**P. M. MASEKO, Stadsbestuurder, Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit**

2de Vloer, Hoofkantoor Gebou, h/v Cross- en Rosestraat, Privaatsak X1069, Germiston, 1400

12 November 2003

(Kennisgewing No. 262/2003)

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2324****WESTONARIA LOCAL MUNICIPALITY****PERMANENT CLOSING OF PUBLIC OPEN SPACE: STAND 361, WAGTERSKOP TOWNSHIP**

Notice is hereby given i.t.o. the provisions of section 68, read with section 67, of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the Municipality to permanently close the Public Open Space on Stand 361, Wagterskop Township.

A plan showing the position and boundaries of the stand is open for inspection during office hours at the office of the Municipal Manager, First Floor, Civic Centre, Neptune Street, Westonaria.

Any person who has any objection to the proposed closing or who will have any claim for compensation if the closing is carried out, is called upon to lodge his objection or claim, as the case may be, with the Municipal Manager in writing at the above address or at P.O. Box 19, Westonaria, 1780, by not later than the 12th of December 2003.

**E. Z. PHUKWANA, Municipal Manager**

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2324****WESTONARIA PLAASLIKE MUNISIPALITEIT****PERMANENTE SLUITING VAN PUBLIEKE OOP RUIMTE: ERF 361, WAGTERSKOP DORPSGEBIED**

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 68, gelees met artikel 67, van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Munisipaliteit van voorneme is om die Publieke Oop Ruimte op Erf 361, Wagterskop Dorpsgebied, permanent te sluit.

'n Plan wat die ligging en grense van die erf aandui lê gedurende kantoorure ter insae by die kantoor van die Munisipale Bestuurder, Eerste Vloer, Burgersentrum, Neptunusstraat, Westonaria.

Enige persoon wat enige beswaar teen die voorgestelde sluiting het of wat enige eis tot skadevergoeding sal hê indien sodanige sluiting uitgevoer word, word versoek om sy beswaar of eis, na gelang van die geval, skriftelik by die Munisipale Bestuurder in te dien by bostaande adres of by Posbus 19, Westonaria, 1780, nie later nie as die 12de Desember 2003.

**E. Z. PHUKWANA, Munisipale Bestuurder**

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2325****CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY****PROPOSED CLOSURE OF A PORTION (FIGURE ABCDEFGHJKLM) OF PALALA ROAD, GARSTON AGRICULTURAL HOLDINGS, ADJACENT TO THE REMAINDER OF ERF 154, ASHLEA GARDENS**

Notice is hereby given in terms of section 67 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), that it is the intention of the City of Tswana Metropolitan Municipality to close permanently a portion (figure ABCDEFGHJKLM) of Palala Road, Garston Agricultural Holdings, adjacent to the Remainder of Erf 154, Ashlea Gardens, in extent approximately 5 210 m<sup>2</sup>.

The Council intends to alienate the proposed area.

A plan showing the proposed closure, as well as further particulars relative to the proposed closing, is open to inspection during normal office hours at the office of the Acting General Manager: Legal Services, Room 1414, 14th Floor, Saambou Building, 227 Andries Street, Pretoria, and enquiries may be made at telephone 308-7428.

Objections to the proposed closing and/or claims for compensation for loss or damage if such closing is carried out must be lodged in writing with the Acting General Manager: Legal Services at the above office before or on 12 December 2003 or posted to him/her at PO Box 440, Pretoria, 0001, provided that, should claims and/or objections be sent by mail, such claims and/or objections must reach the City of Tswana Metropolitan Municipality before or on the aforementioned dated.

(K13/6/1/Garsfontein 374JR-Palala Road)

**Acting General Manager: Legal Services**

12 November 2003

(Notice No. 820/2003)

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2325****STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT****VOORGENOME SLUITING: 'N GEDEELTE (FIGUUR ABCDEFGHJKLM) VAN PALALAWEG, GARSTON LANBOUHOEWES, AANGRENSEND AAN DIE RESTANT VAN ERF 154, ASHLEA GARDENS**

Hiermee word ingevolge artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), kennis gegee dat die Stad Tswana Metropolitaanse Munisipaliteit voornemens is om 'n gedeelte (figuur ABCDEFGHJKLM) van Palalaweg, Garston Landbouhoewes, aangrensend aan die Restant van Erf 154, Ashlea Gardens, groot ongeveer 5 210 m<sup>2</sup>, permanent te sluit.

Die Raad is van voorneme om die gedeelte na sluiting te vervreem.

'n Plan waarop die voorgename sluiting aangetoon word, asook verdere besonderhede betreffende die voorgename sluiting, lê gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Waarnemende Hoofbestuurder: Regsdienste, Kamer 1414, 14de Verdieping, Saambougebou, Andriesstraat 227, Pretoria, ter insae en navraag kan by telefoon 308-7428 gedoen word.

Besware teen die voorgename sluiting en/of eise om vergoeding weens verlies of skade, indien die sluiting uitgevoer word, moet skriftelik voor of op 12 Desember 2003 by die Waarnemende Hoofbestuurder: Regsdienste by bovermelde kantoor ingedien word of aan hom/haar by Posbus 440, Pretoria, 0001, gepos word, met dien verstande dat indien eise en/of besware gepos word sodanige eise en/of besware die Stad Tswana Metropolitaanse Munisipaliteit voor of op voormelde datum moet bereik.

(K13/6/1/Garsfontein 374JR-Palala Road)

**Waarnemende Hoofbestuurder: Regsdienste**

12 November 2003

(Kennisgewing No. 820/2003)

**LOCAL AUTHORITY NOTICE 2326****CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY****PROPOSED CLOSURE OF A PORTION (FIGURE JKAJ) OF MORTIMER AVENUE, MAYVILLE**

Notice is hereby given in terms of section 67 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), that it is the intention of the City of Tswana Metropolitan Municipality to close permanently a portion (figure JKAJ) of Mortimer Avenue, Mayville, in extent approximately 12 m<sup>2</sup>.

The Council intends to alienate the proposed area.

